SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
KwaZulu-Natal Kantoor / KwaZulu-Natal Office

SAOU
Nuusbrief / Newsletter

☎ 031-312 8835 / 3839 🖷 031 – 312 2080 ✉ saoukzn@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

-INSIG 4 van 2016-

Geagte SAOU Lede

Ek groet vandag KZN met 'n seer hart. Die tyd het aangebreek om aan u almal totsiens te sê. Gun my asb. die geleentheid om u te bedank vir die aandeel wat u in die onderwys vervul. Dit was 'n voorreg om SAOU (KZN) te dien en ek sal dit altyd saam met my dra. Ek het meer as kollegas in KZN gevind - vriende, bondgenote en hartsmense. Ek bedank die SAOU PUR vir u volgehoue ondersteuning en vertroue in my gestel. Die NOU-Trust is ons ruggraat waarsonder die SAOU armer sal wees. Groot dank gaan ook uit aan die wonderlike personeel in die KZN kantoor vir volgehou harde werk. Ek dank u almal vir u ondersteuning en samewerking. Ek sê nie vandag totsiens aan KZN nie, MAAR eerder tot ons mekaar weer sien…

OM TOTSIENS TE Sê: - Deur Ria Venter

Vir oulaas sal ek vir u waai
'n Tyd om te se koebaai
En dan gaan ek opnuut vertrek
Na 'n nuwe huis, na 'n nuwe werk

Ek loop sag my pad deur die lewe
In navolging van my drome en my strewe
Deurlopend hoop ons op 'n beter kans
Om ons teen teenslae te verskans

En op 'n dag, lê agter ons 'n ry spore
Wat sal agterbly, vir ons geheue verlore
Maar in ons hart sal voortleef herinnering
Wat ons sal koester met liefde en mymering

Onthou, die lewe beweeg in 'n reguitlyn
Weldra sal die terugdink aan ons jeug verdwyn
Dra dus met jou saam altyd net die goeie
en laat agter onnodige bagasie en – boeie

Menslik koester ons bakke vol sentiment
En wil beelde in ons bewussyn prent
Maar hoe jy ookal daaraan vashou of klou
Gister is onherroeplik verby en sal verflou

Onderneem om net te lewe vir vandag
En te doen wat God **nou** van ons verwag
Met jou oog gerig op die Hemel
Slegs **daar** sal geluk vir ons wemel.

Vriendelike Groete

Reniël Lodewyk
Provinsiale Sekretaris
SAOU (KZN)

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
KwaZulu-Natal Kantoor / KwaZulu-Natal Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

☎ 031-312 8835 / 3839 031 – 312 2080 saoukzn@saou.co.za www.saou.co.za

-INSIGHT 4 of 2016-

Dear SAOU Members

Today I have a lump in my throat as the time has come to say goodbye to KZN. Please allow me the opportunity to thank you for the part that you fulfil in education. It was a privilege to serve SAOU (KZN) and I will always have fond memories. I found more than colleagues in KZN - friends, allies and hearty people. I thank the SAOU PEC for their continued support and trust in me. Without the NOU-Trust as our backbone, SAOU would not have the nessesary financial support. Sincere thanks must also go to the wonderful staff in the KZN office for their consistante hard work. I thank you all for your support and co-operation. Today I do not say goodbye to KZN, BUT rather till we meet again...

Greetings

Reniël Lodewyk
Provincial Secretary
SAOU (KZN)